Oordenking
17 Februarie 2010

Dis is vandag AsWoensdag.

Nie alle kerkverbande vier AsWoensdag nie. Daar is uitsonderinge, maar meestal word dit in die Protestante kerke deur Presbiteriane, Lutherane, Metodiste en Anglikane gevier. Maar vir waarskynlik meer as 1600 jaar onderhou Christene hierdie dag, oor die hele wêreld heen.
Ons onthou vandag ons sterflikheid en verootmoedig ons opnuut oor ons sonde. Dié nadenke dryf ons na Jesus en terwyl ons vir die volgende 40 dae nadink oor die betekenis van sy lyding, word ons verseker van verlossing en van die ewige lewe.

Reinig my van my sonde.

Na afloop van Advent en Kersfees tot vandag, het ons geleer wie Jesus is uit sy lering, wonderwerke en bediening. Maar vandag is AsWoensdag. Vandag begin die Lydenstyd wat op Goeie Vrydag, 2 April ten einde loop. Die lydenstyd lei ons in ’n dieper verstaan van God se Goeie Nuus. Dit behoort ons daartoe te lei om nie net van Jesus te weet nie, maar Hom lief te hê en met ons hele hart te volg.

Dit is deels ’n donker reis waarin ons met die vestings van kwaad en sonde in ons lewens konfronteer word. Ons word skaam oor hoe ons lewens vertroebel word sonder die dissipline wat by kinders van die Here pas.
Maar dis ook ’n reis waarin die kruis, die lyding en die graf van Jesus ons weer hoop gee. Dit lei ons tot die aanvaarding van vergifnis en die vreugde oor God se genade, ontferming en liefde.
AsWoensdag herinner dat ’n nuwe seisoen vandag aanbreek wat ons tot die diepste, mees persoonlike kennis van die liefde van God lei. Ons sien hoe God sy enigste Seun gegee het, sodat ons nie mag verlore gaan nie, maar die ewige lewe kan ontvang. Op AsWoensdag word ons wel met die kwaad en sonde in ons lewens konfronteer, maar ons word ook voorberei vir ’n reis op die lydensweg van Jesus, waar ons Hom meer liefkry en ons meer aan Hom toewy.

In Psalm 51 smeek Dawid dat God hom moet skoon was van sy sonde na sy egbreuk met Batseba en nadat die profeet Natan hom daaroor aangespreek het.
Psalm 51: 2 -4 Wees *my genadig, o God in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig.*

Op AsWoensdag besef ons soos Dawid dat sonde wat nie bely is nie en waarvan ons nie wegdraai nie, ’n bose energie het wat ons lewens vernietig en ander mense kwaad aandoen. Wanneer die Heilige Gees ons oortuig van sonde moet ons dadelik daarvan afsien en dit bely. Ons kan terugkeer na God toe, want Hy is genadig en vol liefde. Dan ontvang ons weer die vryheid om te kies om op die pad van die Here te lewe.
Dié pad is nie maklik nie. Dit vra vir geestelike dissipline. AsWoensdag is daarom ’n somber dag van berou waarop ons erken dat ons ’n Verlosser nodig het. Dit is egter ook ’n dag waarop ons baie bly is omdat ons gered is uit slawerny en as kinders van God herstel is.

Wanneer ons die simboliese reis begin waarin ons Jesus volg op sy ervaring van 40 dae van vas, geestelike dissipline en oorwinning oor versoekings, die lydenstyd, weet ons reeds van sy oorwinning deur sy opstanding en hemelvaart. Berou word dan die manier waarop ons nader aan God kom en begin uitsien na sy doel met ons lewe. Maar voordat ons die Christen lewe en wêreld skep waarna ons verlang, moet ons eers ons sonde erken – gierigheid, agterlosigheid, onkundigheid, selfsugtigheid en vernietigende verbruik van sy gawes – en baie ander.

David het eers berou gehad nadat die profeet Natan hom oor sy sonde konfronteer het. Maar mens behoort berou te hê selfs voordat jy daaroor aangespreek word.
AsWoensdag bied die geleentheid om die geestelike dissipline aan te kweek waar berou ons na Christus toe dryf en so al ons verhoudinge beïnvloed.

Hoe ryk in liefde, gehoorsaamheid, nederigheid en geloof word ons nie as ons die AsWoensdag oproep tot verootmoediging huis toe neem, sodat dit altyd by ons kan bly nie.